



CHRISTINE VAN WYK TOERE  
vir die fynproewer

# CHRISTINE VAN WYK-TOERE

(EDMS) BPK  
REG NR 94 01824/07

Oktober 2021



## RUSSIESE MUSIEKTOER 26 Junie – 09 Julie 2022 NADERE BESONDERHEDE

**Prys: R42 750 plus \*verpligte uitgawes van ± R8 830 én reisversekering**

### INGESLUIT BY DIE TOERPRYS

- ✿ Vlieg **Johannesburg – Frankfurt op 26 Junie** vir aankoms in **Moskou op 27 Junie**.
- ✿ Opwindende bootvaart van Moskou na St Petersburg.
- ✿ Een musiekkonsert in Moskou en twee in St Petersburg by bekende teaters.
- ✿ Stadstoere van Moskou en St Petersburg asook besigtigingstoere en uitstappies o.l.v. plaaslike gidse by vasmeerplekke waar aan land gegaan word. Die boot bied talle opsionele uitstappies vir passasiers aan. Van hierdie uitstappies asook 'n besoek aan die Bolshoi-teater, met 'n gesamentlike waarde van meer as R7 500, is by CvW-Toere se toerprys ingesluit.
- ✿ Talle ekstras in die vorm van eg-Russiese opvoedkundige, vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede.
- ✿ Drie etes per dag op boot.
- ✿ Middagete by 'n eg-Russiese restaurant ná ontskeping op 8 Julie.
- ✿ Vlieg **8 Julie St Petersburg – Frankfurt – Johannesburg** vir aankoms op **9 Julie**.

### NIE BY DIE TOERPRYS INGESLUIT NIE (\* Verpligte uitgawes)

- ✿ Geen visum is nodig vir Rusland nie. U benodig wel 'n \*geldige paspoort.
- ✿ \* Fooitjies vir gidse, busbestuurders en bootpersoneel. U betaal dit vooraf in Suid-Afrika sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die fooitjies beloop ongeveer R1 680.
- ✿ \* Lughawebelasting: Ongeveer R7 150
- ✿ \* Reisversekering, waarvoor u later volledige besonderhede sal ontvang.
- ✿ Enkelkajuitbetaling: R13 500 (Enkelgebruik van 'n dubbelkajuit.)  
Sien ENKEL-AKKOMMODASIE op bladsy 3 van hierdie dokument.
- ✿ Binnelandse aansluitingsvlugte: Bespreek en betaal dit self of reël deur ons toeragent, Benita Venter, van Fernweh Travel.
- ✿ Vervoer na en van Johannesburg en ander binnelandse lughawens (indien van toepassing).
- ✿ Addisionele, opsionele uitstappies gedurende die tyd in Moskou en St Petersburg.
- ✿ Persoonlike uitgawes op die toer, bv. drankies, aandenkings, telefoonoproep ens.

### UITSTAPPIES EN OPSIONELE TOERE

In Rusland is baie van die opsionele toere wat deur die boot aangebied word, by u toerprys ingesluit. Dit sluit o.a. 'n stadstoer in Moskou met 'n besoek aan die Kremlin en die Rooiplein asook 'n besoek aan die ondergrondse treinstasies en die wêreldbekende inkopielaan, Arbatstraat in. In St Petersburg is 'n stadstoer en 'n besoek aan die Hermitage-museum by u toerprys ingesluit.

Drie musiekkonserte (een in Moskou en twee in St Petersburg) word ook by die toerprys ingesluit. Indien daar nie 'n vertoning in die Bolshoi is gedurende die tyd wat ons in Moskou vertoef nie, sal 'n besoek aan dié teater by die stadstoer ingesluit word en 'n ander gesogte teater vir 'n musiekkonsert geïdentifiseer word. In St Petersburg word 'n folklore-vertoning en 'n balletuitvoering by die toerprys ingesluit. Die folklore-vertoning is gewoonlik in die 'Nikolaevsky Palace'. Die balletuitvoering sal in die Aleksandrinsky-, Mariinsky-, Mikhailovsky- of soortgelyke teater bespreek word.

Ons geniet 'n middagete by 'n tipies Russiese restaurant in St Petersburg op die laaste dag om die toer op 'n hoogtepunt af te sluit.

Opsionele besoeke aan die Novodevichy-begraafplaas en wapenkamer (*Armoury*) in Moskou asook die *St Isaac*-katedraal, Peterhof, *St Catherine (Pushkin) Palace* en 'n kanaalvaart in St Petersburg kan gereël word. Beskikbaarheid van optredes sowel as die prys van opsionele uitstappies sal vroegtydig gekommunikeer word.

### BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is onderhewig aan 'n minimum van 30 ingeskrewe toerlede en is uitgewerk per persoon wat deel. Soos met enige ander toer is hierdie toer ook aan faktore buite ons beheer (bv. wisselkoersveranderinge, vlug- en brandstofpryse) onderhewig wat die toerprys en toerdatum kan beïnvloed.

Dit was nog altyd ons beleid om nie ligtelik 'n toerprys te verhoog nadat dit vasgestel is nie. Ons sal egter genoodsaak wees om die toerprys aan te pas indien die wisselkoers drasties sou verander.

### DEPOSITO

'n Deposito van **R5 000 per persoon** is met inskrywing betaalbaar om u plek op die toer te bevestig. Indien u reeds 'n deposito van R5 000 vir die 2020-Musiektoer betaal het en aangedui het dat u die geld oordra, hoef u nie saam met u 2022-inskrywing 'n verdere deposito te betaal nie. Volledige besonderhede i.v.m. die aankoop van vliegkaartjies, die uitneem van reisversekering ens. word vroegtydig per omsendbrief aan toerlede gestuur. Verdelingsvorms, wat as u rekening dien om die betaling te vergemaklik, sal ook betyds aan ingeskrewe toerlede gestuur word.

'n Afskrif van 'n bankdepositostrokke of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) van u deposito moet saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorms aan ons gestuur word.

### FINALE BETALING

Die toerprys plus alle ander verpligte uitgawes (lughawebelasting, fooitjies, reisversekering ens.) moet teen **28 Februarie 2022** ten volle betaal wees. Die toerprys word direk aan *Christine van Wyk-Toere* betaal. U sal betyds Omsendbrief 2 met 'n Verdelingsvorm (rekening) ontvang.

### WYSE VAN BETALING

- Vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart of direk aan CvW-Toere betaal word. U sal op die Vliegkaartjiebestelvorm wat u met omsendbrief 1 ontvang, u keuse van betaling kan invul.
- **Bankdeposito/EFT:** Inbetalings/elektroniese oorplasings aan *Christine van Wyk-Toere*.
- **Kontantinbetalings:** Moet by die bank en nie direk aan CvW-Toere gemaak word nie. Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Doen asseblief by u bank navraag hoeveel dit beloop (gewoonlik ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag**).

### Bankbesonderhede:

**Christine van Wyk-Toere**

**Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / Current account)

Takkode: **051001**

Rekeningnommer: **410 722 782**

**NB:** Gebruik u **VOORLETTERS EN VAN** van as verwysing met betalings en nie die toer se naam of u noemnaam nie.

### BELANGRIK

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons die **deposito tesame met die Inskrywingsvorm en getekende Vrywaring ontvang het**.

Nadat u ingeskryf het of skriftelik bevestig het dat ons u bestaande inskrywing op die 2020-Musiektoer vir 2022 moet aktiveer, sal u Omsendbrief 1 met al die nodige besonderhede i.v.m. byvoorbeeld klere wat u moet saamneem en dies meer ontvang. Daarna ontvang u nog omsendbriewe met relevante nuus en inligting. **Dui enige kontakbesonderhede (adres of telefoonnommers) wat verander, duidelik op u briefwisseling met ons aan.**

### KANSELLASIE

Aangesien die toergeld lank vooruit aan ons oorsese agente betaal moet word, is die volgende ná u inskrywing van toepassing:

- Indien toerlede genoodsaak is om vóór **28 Januarie 2022** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R4 500** van die deposito terug.
- Indien toerlede genoodsaak is om tussen **28 Januarie en 28 Februarie** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R4 000** van die deposito terug.

- ▶ **Ná 28 Februarie 2022** word **geen** deposito's terugbetaal nie. Sodra die nodige **reisversekeringspolis** wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u genoodsaak is om die toer te kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Die rede vir kansellering moet natuurlik kragtens die polis aanvaarbaar wees. Volledige besonderhede oor reisversekering sal gestuur word aan almal wat inskryf. Toerlede het die keuse om hul versekering deur CvW-Toere uit te neem of dit privaat te doen en dan net die reisversekerings-dokumente as bewys aan ons te verskaf.
- ▶ Indien 'n toerlid genoodsaak is om voor **28 Februarie vanweë siekte** te kanselleer, word die **volle deposito minus R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal wanneer die toer se finansies afgesluit word. In die geval van kansellering as gevolg van siekte ná betaling van die volle toerprys, geld u reisversekering.

### **AGTERBLY NA AFLOOP VAN DIE TOER (WEGBREKERS)**

Dit is moontlik om ná afloop van die toer op u eie verder in die buiteland te reis. Lugdienste hef gewoonlik 'n wegbrekersfooie van tussen R500 – R1500 om passasiers se reisskedule te verander. Skakel ons kantoor vir meer inligting.

### **VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOUDERS**

Ons vlieg met *Lufthansa* vanaf die O.R. Tambo-lughawe. Die groepkaartjies word deur **Benita Venter** van **Fernweh Travel** uitgereik. Konsessiehouers of persone wat om een of ander rede nie die groepvlug gebruik nie, kan die **vliegkaartjie se prys** van **R6 150** van die toerprys aftrek.

Direkte vlugte vanaf Kaapstad na Frankfurt is beskikbaar. Kontak ons indien u beplan om vanaf Kaapstad-lughawe te vlieg.

### **ENKEL-AKKOMMODASIE**

Daar is 'n beperkte aantal enkelkajuite op die MS Pushkin beskikbaar teen ongeveer **R5 000** per persoon (ekstra). Laat ons asseblief onmiddellik weet indien u een van hierdie kajuite wil bespreek. Dubbelkajuite vir enkelgebruik is teen 'n bybetaling van **R13 500** beskikbaar. U spaar dus baie as u 'n kajuitmaat het. Probeer gerus 'n kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer om vir enkelopende toerlede geskikte kajuitmaats uit die ander inskrywings te vind, **maar kan dit nie waarborg nie en staan onder geen verpligting om dit te doen nie.**

### **PASPOORTE EN MINDERJARIGE REISIGERS (DRINGEND!)**

**Maak seker dat u paspoort vir minstens 6 maande ná afloop van die toer nog geldig is.** Daar moet ook genoeg skoon bladsye in u paspoort wees vir doeanestempels. (Wegbrekers wat ander lande as Rusland besoek, benodig ook skoon bladsye vir visums). **LW: Doen dadelik aansoek vir 'n nuwe paspoort indien u s'n verval het.**

Die regulasies rondom kinders onder 18 jaar wat oorsee reis, verander voortdurend. Vir veiligheid beveel ons sterk aan dat u vir 'n **unabridged-geboortesertifikaat** ('n geboortesertifikaat waarop albei ouers se volle name en ID-nommers verskyn) vir alle voornemende, minderjarige reisigers aansoek doen.

**LW: Dit neem ongeveer drie maande om 'n unabridged geboortesertifikaat van die Departement van Binnelandse Sake te bekom.**

### **GESONDHEID EN TOERFIKSHEID**

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Hierdie is 'n besige toer met 'n vol program. Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heelyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier sal benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap. 'n Mens moet deurentyd jou eie handbagasie kan hanteer. U moet bereid wees om op eie koste 'n huurmotor te gebruik indien enige van die stapuitstappies vir u te vermoeiend is.

Indien u nie aan hierdie riglyne voldoen nie, of voltyds bystand nodig het, MOET u iemand saamneem wat gedurende die toer na u kan omsien.

### **COVID**

Dit blyk dat 'n bewys van inenting teen die Coronavirus ('n sogenaamde 'inentingspaspoort') voortaan noodsaaklik vir internasionale reis sal wees. Dis ook moontlik dat 'n negatiewe Covid-toets, wat 48-uur voor vertrek geneem is, voldoende sal wees. Daar is nog geen amptelike verklarings hieroor uitgereik nie, maar hou dit in gedagte. Ons sal u op hoogte van die verwikkelinge en vereistes hou.

Ons sien uit om u amptelik op hierdie toer te verwelkom!

Vriendelike groete

Mareli Louw  
Toeroperateur

